# NUUSGENOOT

Moenie wonder nie, weet!

Nuusbrief van die ATKV | Februarie 2022

# 2022: ONS IS REG VIR JOU!

"Die nuwe jaar is voor ons soos 'n hoofstuk in 'n boek wat wag om geskryf te word." Met dié woorde van Melody Beattie gaan ons 2022 tegemoet, met nuwe ywer, met hoop, en vol verwagtinge.

Veral hoop – as ek so om my kyk, is mense se gemoedere reeds ligter. Daar is 'n versigtige optimisme te bespeur. Dit wil voorkom of "Die Virus" wat ons lewens versuur het die laaste twee jaar besig is om sy vakansietasse te pak.

Februarie is die maand van liefde - gaan loer op die ATKV se sosialemedia-bladsy vir unieke illustrasies deur Chris Venter.

Ons by die ATKV is slaggereed om 'n verskil te maak – in gemeenskappe, met ons taal en kultuur en oral waar ons kennis kan inploeg.


Deelnemers aan ons projekte se keuses is legio. Skryf jou koor in vir ATKV-Applous – dié gesogte kompetisie se inskrywings sluit al op 24 Februarie.

ATKV-DigiToneel spog vanjaar weer met sy finaliste op TV in die tweede seisoen van *Gekies vir die Kollig* op VIA. Daar is 'n nuwe temawolk, wat beteken nuwe tekste, nuwe monoloë en 'n nuwe monoloogbundel. Inskrywingsvorms, tekste en eerste opnames moet teen 31 Maart ingedien wees.

Kom kry die nodige gereedskap en hulp by ons werkswinkels en kursusse wat spesiaal gerig is op die ATKV-Redenaarskompetisie. En ons is opgewonde oor die tjokkers wat vanjaar hul buiging op die verhoog gaan maak in ATKV-Tjokkertoneel. Inskrywings sluit 17 Maart.

Besoek ons webwerf vir meer inligting oor deelname en sluitingsdatums!

Hiermee ons eerste Nuusgenoot vir 2022. Geniet dit!



## 'n Nuwe baadjie vir Jannie du Toit

Jannie du Toit se sangloopbaan lê soos 'n goue draad wat die afgelope 50 jaar deur die Afrikaanse en Suid-Afrikaanse musieklandskap kronkel. As deel van die Musiek-en-Liriekbeweging van die laat sewentigs het hy nog altyd daarna gestreef om musiek en lirieke in Afrikaans met mekaar te laat trou. Alhoewel hy aanvanklik deel was van die folk musiekgroep Trilogie, wat in 1976 met hul liedjie "Droom langs stille water" 'n vermeldingsprys op die American Song Festival gewen het, het hy uiteindelik as solokunstenaar begin werk, juis omdat musiekmaak die ding is wat hy vir die res van sy lewe wou doen.
Lees hier verder.

Onthou om ook 'n draai te gaan maak op die ATKV se webwerf en/of sosialemediaplatforms.

# Kom vier die liefde saam met die ATKV!

Februarie is die maand van liefde - en ons het spesiaal vir die talentvolle kunstenaar Chris Venter gevra om vir ons vier unieke illustrasies te doen vir die ATKV se sosialemediabladsy.

Kyk uit vir dié illustrasies - dit sal jou hart sommer warmer laat klop! Sien 'n voorsmakie onder van een van die besonderse kunswerke wat Chris vir ons gedoen het.






## ATKV ondersteun Wêreld-hardopleesdag

Wêreld-hardopleesdag is op 2 Februarie wêreldwyd gevier.

Die ATKV wil graag kinders, ouers en onderwysers aanspoor om hardop te lees, want om te lees is een van die belangrikste fondamente van 'n suksesvolle skool- en universiteitsloopbaan.


Lees lê die grondslag van alle leer. Probleme kan egter intree as die jongspan begin lees, maar sukkel om woorde reg te klank – soos om hond met 'n 't' uit te spreek.

Maar daar is hulp. Kenners is van mening dat hardop lees juis hierdie probleem kan takel.

"In elke fase van leesonderrig is hardop lees van kardinale belang. Dit help kinders om gou met onbekende klanke of woorde bevriend te raak," sê Brand van Dyk, direkteur van SmartBrain. Dié organisasie se hooffokus is om kinders en ouers by te staan met lees- en studieprobleme.

Lees meer hier.

# ELSABÉ BRITS BEKROON MET ATKV SE SPESIALE COVID-TOEKENNING







"'n Meesterklas in mediese verslaggewing." Dit is hoe een beoordelaar die werk van die wetenskapjoernalis Elsabé Brits beskryf het.

Brits is as die wenner van die ATKV se spesiale Covid-19-toekenning vir uitmuntende Afrikaanse beriggewing oor die pandemie aangewys.

Om vir die toekenning in aanmerking te kom, moes deelnemers 'n korpus van drie artikels/bydraes vir beoordeling inskryf.

Brits se bydraes (*Hartchirurg onder skoot ná 'volkome snert' oor inenting, Verby breekpunt: 6 verhale uit die Covid-loopgrawe* en *Covid-19-entstof: die regering se kriminele versuim*) het almal in Vrye Weekblad verskyn.

Sy is ook geloof vir haar "uitstekende wetenskaplike navorsing" en die feit dat sy "aannames en mistasting oor Covid-19 ondersoek en bevraagteken en feite staaf in direkte en kristalhelder skryfwerk".

Klik hier vir die volledige storie.

Belê in jouself! | Belê in jou toekoms! | #weesdieverskil

ATKV